

## **POLICY 015/2015 RAADSBELEID**

**ONDERWERP:** BELEID INSAKE DIE PLAAS VAN TAFELS EN STOELE-,  
UITSTAL VAN GOEDERE- EN BRAAI VAN PRODUKTE OP  
SYPAADJIES

**VERWYSING:** 1.3.1.1.17

**BESLUIT NR:** 19/05.1/2015 (SRV) **DATUM:** 13 Mei 2015

**BELEIDSOOGMERK:** Om die plaas van tafels en stoele en die uitstalling van goedere op sypaadjies te beheer, ten einde effektiewe voetgangerverkeer te verseker en gevaarlike situasies te voorkom.

### **BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS**

Die plaas van tafels en stoele-, die uitstalling van goedere- en die braai van produkte op sypaadjies is 'n praktyk wat deur sake ondernemings beoefen word, ten einde hulle produkte meer effektief te bemark. Die Raad het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die voetgangers wat gebruik maak van hierdie sypaadjies en moet dus toesien dat daar nie onveilige situasies geskep word deur hierdie aktiwiteite nie.

### **RIGLYNE**

Dat, besighede binne die regsgebied van Munisipaliteit //Khara Hais, ingevolge die bepalings van Artikel 4 van die Verordening insake die Opberging van Goedere op Besigheidspersele (PK.19/1980), in die algemeen gemagtig word om handelsware op sypaadjies uit te stal, tafels en stoele te plaas en produkte te braai, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

1. Uitstillings-, braai van produkte en die plasing van stoele en tafels moet op die gedeelte van 'n sypaadjie wat direk aan 'n betrokke besigheid grens, geskied.
2. Uitstillings, braaiareas en tafels en stoele moet te alle tye in 'n netjiese toestand gehou word.
3. Uitstillings, braai aktiwiteite en tafels en stoele moet nie die voetgangerverkeer belemmer nie.
4. Indien 'n gemagtigde beampte van die Raad bevind dat 'n uitstalling, braaiery of die plasing van tafels en stoele die voetgangerverkeer belemmer, sal die betrokke besigheid onmiddellik gehoor gee aan 'n opdrag, hetsy mondelings of skriftelik van die gemagtigde beampte, om die uitstalling te verwyder of te wysig.
5. 'n Besigheid wat ontevrede is oor 'n opdrag van 'n gemagtigde amptenaar ooreenkomstig paragraaf 4, sal 'n reg tot appèl na die Munisipale Raad hê en die Raad se beslissing is finaal en bindend.
6. Besighede wat van hierdie vergunning gebruik wil maak, moet vooraf goedkeuring van die Raad verkry.
7. Geen strukture soos skermreëlings, braaipekke en tafels en stoele ens, mag op die sypaadjie vasgeheg word nie.

### PROSEDURE

1. 'n Skriftelike versoek moet ten minste 1 maand voor die aanvangsdatum by die Direkoraat Korporatiewe Dienste ingedien word nie.
2. Die skriftelike versoek moet duidelik aandui, waar daar beoog word om die uitstalling, braaigeriewe en/of tafels en stoele te plaas, sowel as die duurte van die aktiwiteit.
3. Die aansoek word, tesame met alle nodige inligting, na die volgende Direkorate/Afdelings vir insette en ondersoek verwys:
  - Stadsbeplanning en Boubeheer.
  - Verkeersdienste.
  - Omgewingsgesondheidsdienste.
  - Brandweer.
4. By ontvangs van bogenoemde insette en vereistes, word 'n item deur die Direkoraat Korporatiewe Dienste voorberei vir besluitneming deur die Handelslisensiekomitee.
5. Die Direkoraat Korporatiewe Dienste voorsien die Aansoeker sowel as die relevante Direkorate/Afdelings van die Raad se besluit, tesame met alle voorwaardes, indien enige.

### ROLLE

1. Direkoraat Korporatiewe Dienste.
2. Stadsbeplanning en Boubeheer.
3. Verkeersdienste.
4. Omgewingsgesondheidsdienste.
5. Brandweer.
6. Verkeersafdeling vir optrede.
7. Sekuriteit.
8. Handelslisensiekomitee

### VERWANTE BELEID

Geen.

### HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.